

**9 Januarie**

**Skrifgedeelte: Levitikus 13:47-14:32 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Levitikus 14:1-10**

### **Twee voëls en drie lammers**

Melaatsheid was 'n ontsettende kwaal: dit verwoes die hele lewe van die mens wat daaraan ly en alles waarmee hy in aanraking kom word daardeur aangetas. So tas die sonde, waarvan melaatsheid die verskriklike simbool was, ook alles rondom die sondaar aan.

God gaan, in die gestalte van sy priester, selfs tot buitekant die laer – daar waar mense jou nie wil ken of help nie – en Hy bring daar genesing vir jou. Twee rein voëls saam met 'n stuk sederhout, skarlakendraad en hisop moet saamgebring word. Let op die pragtige simboliek! Twee rein voëls volbring God se wil. Die een gee selfs sy lewe. Wie dink jy word hier afgebeeld? Ja, natuurlik ons Here Jesus Christus. Hy word geslag. Die ander voël, beeld van die melaatse, word in die bloedwater onderdompel en vrygelaat. Só word die reiniging deur Christus se bloed uitgebeeld. Sederhout is tempelhout: die melaatse mag weer voor God se aangesig verskyn; skarlakendraad is beeld van ons bloedige sonde, maar “al was julle sondes soos skarlaken, Ek maak dit wit soos wol”. Die hisopplant het genesende, reinigende krag en gedompel in die bloed van die Engel van die Here, vertel dit aan ons dat ons gereinig word deur die bloed van Christus (1 Joh 1:7).

En nou is die gereinigde sondaar weer welkom in die huis van die Here en in die gemeente van God. Met die offers wat hy bring, wy hy homself weer toe aan die Here en sy diens.

*Sing: Psalm 51:4,8*

*Ds LH Stavast (Emeritus)*